**4.11**
## DIE AANKOPE VAN AKADEMIESE/POSVERWANTE HANDBOEKE

**Beleidnr: Finansieskomitee 19/11/2008**

**Bestek: Die beleid bevat die US se reëls en regulasies ten opsigte van die aankope van akademiese/posverwante handboeke.**

**Beleid:**

### DIE AANKOPE VAN AKADEMIESE/POSVERWANTE HANDBOEKE

Die aankope van akademiese/posverwante handboeke vir eie gebruik is wel toelaatbaar uit US-fondse, mits dit aangewend word deur die betrokke personeellid in die uitvoering van sy/haar pligte as US personeellid. Die aankope van akademiese/posverwante handboeke vir eie gebruik is net soos enige ander aankope onderhewig aan die US se Aankope- en Tenderbeleid.

Indien die personeellid die US se diens sou verlaat, bly die akademiese/posverwante handboeke die eiendom van die US. Die betrokke departementele voorsitter/dissipline hoof/VS-hoof sal besluit hoe die akademiese/posverwante handboeke binne die bepaalde omgewing aangewend sal word. Enige vervreemding, skunking of vernietiging van akademiese/posverwante handboeke aangekoop uit US-fondse moet deur die betrokke departementele voorsitter/dissipline hoof/VS-hoof goedgekeur word.

Kontak afdeling:
**Finansiële Dienste**